PRINCE ALBERT

Munisipaliteit • Umasipala • Municipality

Physical Address: 1 Adderley Street PRINCE ALBERT 6930
Posbus / Ibokisis yeposi / Private Bag X53 PRINCE ALBERT 6930
Tel. Nr. / Imfonomfono / Tel. No.: +27 (0) 23 541 1320 Faks / I-fax / Fax: +27 (0) 23 541 1321
Website / Webwerf: www.pamun.gov.za E-mail:adminklerk@pamun.gov.za

## KENNISGEWING 69/2026

## UITNODIGING OM KOMMENTAAR TE LEWER OP DIE KONSEP SPESIALE HEFFINGSGEBIEDE-VERORDENING

Kennis geskied hiermee dat die Raad van die Prins Albert Plaaslike Munisipaliteit 'n Konsep Spesiale Heffingsgebiede-verordening aanvaar het. Hierdie verordening moet saamgelees word met die munisipaliteit se Spesiale Heffingsbeleid. Die doel van die verordening is om lewendige, verbruikersvriendelike nodusse te skep wat belegging lok en die volgehoue ontwikkeling en groei van die gebied verseker.

Die publiek word hiermee uitgenooi om skriftelike kommentaar of vertoë oor die voorgestelde verordening in te dien. Enige persoon wat nie in staat is om skriftelike kommentaar te lewer nie, kan die munisipale kantore binne die groter munisipale gebied besoek waar bystand in hierdie verband verleen sal word.

Alle kommentaar en vertoë wat ontvang word, sal oorweeg word tydens die finalisering van die Spesiale Heffingsgebiede-verordening vir voorlegging aan die Raad.

'n Elektroniese kopie van die dokument is beskikbaar op die munisipale webwerf by https://www.pamun.gov.za/documents/draft-special-rating-area-by-law-and-special-rating-area-policy

**Let asseblief op die volgende:**

- Skriftelike kommentaar moet duidelik gemerk word "**Konsep Spesiale Heffingsgebiede-verordening**" en aan die Munisipale Bestuurder gerig word.
- E-posvoorleggings moet gestuur word aan die Rekordsafdeling by rekords@pamun.gov.za.
- Kommentaar kan ook gepos word na:
  1 Adderleystraat, Prins Albert, 6930 of Privaatsak X53, Prins Albert, 6930

**Sluitingsdatum vir indiening:** Dinsdag, 30 Junie 2026

**ADV. M GILIOMEE**
**MUNISIPALE BESTUURDER**

**Datum gepubliseer: 23 April 2026**